DIE REGTE SPEURDER BLOEDHOND

Afrikaanse vertaling van

The Real Inspector Hound deur TOM STOPPARD

deur

STEPHANIE VAN NIEKERK

Taalversorging deur KARLIEN VAN NIEKERK

Toestemming vir opvoerregte berus by:

Stephanie van Niekerk (e-posadres: stephanie@methodacting.co.za)

DIE REGTE SPEURDER BLOEDHOND

deur

TOM STOPPARD

Afrikaanse vertaling deur STEPHANIE VAN NIEKERK

Taalversorging deur KARLIEN VAN NIEKERK

KARAKTERS

VOGELSTEWEL, 'n kritikus – plomp, korterig en middeljarig – 'n rokjagter

MAANKYKER, 'n plaasvervanger kritikus – jonger, langer, minder ontspanne

MEVROU VERSUF, 'n middeljarige skoonmaakster

SIMON, 'n Lothario - geklee in 'n donker pak met 'n ligte hemp, jongerig en van mediumhoogte en bou

FELICITY, 'n aantreklike jong dame in haar twintigs

LADY CYNTHIA MULDOON, 'n beeldskone weduwee in haar dertigs

MAGNUS, oorlede Lord Muldoon se kreupel half-broer – in 'n rolstoel

SPEURDER BLOEDHOND

'n LYK - manlik

Eerstens kom dit voor asof die gehoor deur 'n spieëlbeeld van homself gekonfronteer word. Onmoontlik. En tog, agter op die verhoog, in die halfskemer – nie by die voetligte nie – is daar weelderige sitplekke en bleek kolle wat gesigte aandui. (Sodra die effek gevestig is kan dit, soos die drama ontvou, stadig uitgedoof word tot net die voorste ry sigbaar is en, uiteindelik, alleenlik twee sitplekke in daardie ry – een word deur MAANKYKER beset.) Tussen MAANKYKER en die ouditorium is 'n speelarea wat, op so 'n realisties moontlike manier, die sitkamer van Muldoon Manor uitbeeld. Daar is dubbele glasdeure aan die een kant. 'n Telefoon redelik agter op die verhoog (naby MAANKYKER). Die LYK van 'n man lê met die gesig na onder voor 'n groot rusbank uitgestrek. Die rusbank moet groot genoeg en só ontwerp wees dat dit bo-oor die lyk gestoot kan word en die lyk heeltemal kan wegsteek. Stilte. Die sitkamer. Die lyk. MAANKYKER.

MAANKYKER sit sonder uitdrukking voor hom en uitstaar. Hy draai sy kop dan na die een kant, dan na die ander, dan op, dan af – wagtend. Hy tel sy program op en lees die voorblad. Hy blaai om en lees.
Hy blaai om en lees.
Hy blaai om en lees.
Hy blaai om en lees.
Hy kyk na die agterblad en lees.
Hy sit die program neer en kruis sy bene en kyk rond. Hy staar voor hom uit. Agter hom en na die een kant, skaars sigbaar, kom 'n man in en gaan sit: VOGELSTEWEL.

Pouse. MAANKYKER tel sy program op, kyk na die voorblad en sit dit ongeduldig neer. Pouse … Agter hom is daar die buitensporig harde gekraak van 'n sjokoladedoos. MAANKYKER kyk rond. Hy en VOGELSTEWEL sien mekaar raak. Hulle ken mekaar duidelik en groet met 'n gedwonge wink van die hand. MAANKYKER kyk voor hom uit.

NOTA: *Meeste van die tyd gesels MAANKYKER en VOGELSTEWEL in 'n stemtoon wat vir 'n ouditorium geskik is, soms fluister hulle. Hoe goed die akoestiek in die teater ookal mag wees, hulle sal waar hulle sit mikrofone moet hê. Die effek moet geskep word van klank wat opgetel, gedra en saggies rondom die ouditorium versprei word, nie wat opgetel, versterk en na die gehoor geslinger word nie.*

VOGELSTEWEL, sjokoladedoos (BLACK MAGIC) in die hand, vind sy pad ondertoe om hom by MAANKYKER aan te sluit en plons langs hom neer. Plomp, middeljarige VOGELSTEWEL en jonger, langer, minder-ontspanne MAANKYKER.

1. VOGELSTEWEL: (*gaan sit; sameswerend):* Ek en die manne het 'n vergadering in die kroeg gehou en besluit dit is eersteklas familie-vermaak maar as dit later as tien-dertig aanhou is dit selfbevredigend – stuur dit aan … (*lag joviaal*). Ek's vanaand op my eie. Gee jy om as ek by jou sit?

2. MAANKYKER: Hallo, Vogelstewel.

3. VOGELSTEWEL: Waar's Knibbelaar?

4. MAANKYKER: Ek staan vir hom in.

5. ALBEI: Waar's Knibbelaar?

6. MAANKYKER: Elke keer.

7. VOGELSTEWEL: Wat?

8. MAANKYKER: Dis asof ons slegs een op 'n slag bestaan en kombineer om kontinuiteit te bereik. Ek hou die sitplek vir Knibbelaar warm. My aanwesigheid definieer sy afwesigheid en sy afwesigheid bevestig my aanwesigheid. Sy aanwesigheid voorkom myne … Wanneer Knibbelaar en ek saam in hierdie gangetjie afstap om ons gesamentlike sitplek in te neem, sal die oseane die lug in val en die bome sal met visse behang wees.

9. VOGELSTEWEL: (*het nie geluister nie, vaagweg rondgekyk, kom nou by*): Waar's Knibbelaar?

10. MAANKYKER: As ek net met 'n komplimentêre kaartjie in die hand gesien word is dit al genoeg. Die strate is vanaand onbegaanbaar, die platteland verrys en die roepstem gaan van heuwel tot heuwel – Waar – is – Knibbelaar? (*Kort pouse.*) Dalk is hy uiteindelik dood, of iewers in 'n hysbak vasgekeer, of dalk het hy geheueverlies en swerwe hy deur die land met sy omslaan-broekspype vol kaartjiestompies.

    (*VOGELSTEWEL kyk hom vir 'n oomblik onseker aan.*)

11. VOGELSTEWEL: Ja … Ja, wel ek het nie vanaand vir Myrtle saamgebring nie – nie eintlik haar smaak nie, het ek gedink … vanaand.

12. MAANKYKER: Bo haar vuurmaakplek, bedoel jy?

13. VOGELSTEWEL: Wel, nee – ek bedoel dis 'n tipe speurverhaal, is dit nie?

14. MAANKYKER: Ek veronderstel so. Onderliggend.

15. VOGELSTEWEL: *Onderliggend?* Dis 'n speurverhaal! Kyk net hier! (*Hulle kyk daarna. Die kamer. Die lyk. Stilte.*) Het dit al begin?

1. MAANKYKER: Ja. (*Pouse. Hulle kyk daarna.*)

2. VOGELSTEWEL: Is jy seker?

3. MAANKYKER: Dis 'n pouse.

4. VOGELSTEWEL: Jy kan nie met 'n *pouse* begin nie! Daar's totale paniek agter die verhoog, as jy my vra. (*Lag en bedaar.*) Waar's Knibbelaar vanaand?

5. MAANKYKER: Dit sal my na my laaste rusplek in die dodeakker volg en my grafskrif word – Hier lê Maankyker, die tweede viool: Waar is Knibbelaar? … Soms droom ek van rewolusie, 'n donnerse *coup d'etat* deur die tweede rang – hele toneelgeselskappe deur hul plaasvervangers uitgemoor, towenaars deur hul onophoudelik glimlaggende glansmeisies in twee gesaag, krieketspanne uitgewis deur plunderende groepe twaalfde manne – ek droom van kampioene vernietig deur hul nekkappende skermmaats terwyl ewigdurende strooimeisies omdraai en bruidegomme bo-op die vleispasteitjies verkrag en privaat sekretaresses in die parlement bomme in die ministers se motors plant – komediante sterf op plattelandse verhoë, van hul voerwoorde beroof deur stom-triomfantlike handlangers – en – marsjeer – 'n leërskare assistente en adjunkte, die tweedes-in-bevel, die naaswenners, die regterhande – hulle bestorm die paleispoorte waar die tweede seun alreeds die troon bestyg het nadat hy met 'n croquet-hammer koningsmoord gepleeg het – instaanders van die wêreld staan op! – (*Pouse.*) Ek droom soms van Knibbelaar.

   (*Pouse. VOGELSTEWEL kyk hom onseker aan. Hy is verlore en gryp realiteit in die vorm van sy sjokoladedoos aan.*)

6. VOGELSTEWEL: (*Kouend in die mikrofoon*): Kry vir jou 'n sjokolade.

7. MAANKYKER: Watter soort?

8. VOGELSTEWEL: (*Kouend in die mikrofoon*): Black Magic.

9. MAANKYKER: Nee, dankie.

   (*Die kouery stop onmiddelik. Van sulke klein oorwinnings en nederlae …)*

10. VOGELSTEWEL: Dan gee ek jou 'n wenk. Hou die meisie dop.

11. MAANKYKER: Dink jy sy het dit gedoen?

12. VOGELSTEWEL: Nee, nee – die meisie, hou haar dop.

13. MAANKYKER: Watter meisie?

14. VOGELSTEWEL: Jy ken haar nie, ek sal jou 'n stamp in die ribbes gee.

15. MAANKYKER: So *jy* ken haar?

16. VOGELSTEWEL: (*suspisieus, beteuel himself*): Wat beteken *dit*?

17. MAANKYKER: Ekskuus?

18. VOGELSTEWEL: Ek probeer om vir jou 'n wenk te wink – om 'n suggestie so goed soos 'n

insinuasie te suggereer – om vadersnaam, Maankyker, wat is jou probleem? – jy kan jouself 'n guns bewys deur haar die eerste keer raak te sien – sy's nuut, van die platteland af, en sy's reguit op pad boontoe. Ek wil nie woorde in jou mond lê nie, maar 'n goeie woordjie van ons kan haar maak.

1. MAANKYKER: Ek veronderstel jy het al dosyne van hulle op dié manier gemaak.

2. VOGELSTEWEL: (*onmiddelik woedend*): Jy moet goed verstaan ek is 'n huislike man, getrou aan my onaansienlike maar liefdevolle vrou en as jy probeer voorgee –

3. MAANKYKER: Nee, nee –

4. VOGELSTEWEL: 'n Man van my stipte moraliteit –

5. MAANKYKER: Ek vra om verskoning –

6. VOGELSTEWEL: Valslik beswadder.

7. MAANKYKER: Is dit sy?

(*Want MEVROU VERSUF het opgestap.*)

8. VOGELSTEWEL: Moenie absurd wees nie, ek sal nie dood gesien word saam met daardie ou – uh.

(*MEVROU VERSUF is die skoonmaakster, middeljarig, met 'n tulband op. Sy loop reguit na die radio toe terwyl sy afstof sover as wat sy gaan.*)

9. MAANKYKER: (*lees sy program*): Mevrou Versuf, die huishulp.

10. RADIO: (*sonder aanhef nadat MEV. VERSUF dit aangeskakel het*): Ons onderbreek ons program vir 'n spesiale polisie-aankondiging. (*MEV. VERSUF staan stil om te luister.*) Die soektog na die waansinnige man wat ontsnap het en in Essex op vlug is, gaan steeds voort.

11. MEV. VERSUF: (*vreesagtig en ontsteld*): Essex!

12. RADIO: Die graafskappolisiemag, aangevoer deur Speurder Bloedhond, is ingelig dat die man in die verlate moerasse in die omgewing van Muldoon Manor gesien is.

(*MEV. VERSUF snak bevrees na haar asem.*)

Die man is geklee in 'n donkerige pak met 'n ligterige hemp. Hy is van mediumhoogte en bou en is jongerig. Enigeen wat 'n man sien wat aan hierdie beskrywing voldoen en verdag optree, moet so gou moontlik met die naaste polisiestasie in verbinding tree.

(*'n Man wat presies soos hierdie beskrywing lyk verskyn agter MEV. VERSUF. Hy tree verdag op. Hy sluip die kamer binne. Hy sluip weer uit. MEV. VERSUF sien hom nie. Hy sien nie die lyk nie.*)

Dit is die einde van die spesiale polisie-aankondiging.

(*MEV. VERSUF skakel die radio af en hou aan met skoonmaak. Sy sien nie die lyk nie. Heel toevallig sien sy nooit die lyk nie omdat dit deur iets geblokkeer word*

of omdat haar rug daarheen gedraai is. Terwyl sy afstof en politoer is sy egter op pad na die lyk toe.)

1. VOGELSTEWEL: So, dis wat hulle van my sê, is dit?

2. MAANKYKER: Wat?

3. VOGELSTEWEL: O, ek weet wat agter my rug aangaan – 'n gegrinnik – 'n geskinder – onderduimse insinuasies – Wat het jy gehoor?

4. MAANKYKER: Niks.

5. VOGELSTEWEL: (*fyn beskaaf*): 'n Geklets – 'n gebabbel. 'n Gekekkel, my liewe kêrel, en 'n geskinder. Ek steur my nie daaraan nie – die sluwe jaloesie van die kwaadpraters – ek kan dit bekostig om hulle te ignoreer, ek is 'n fatsoenlik getroude man –

6. MAANKYKER: Terloops –

7. VOGELSTEWEL: Water van die eend se rug af, verseker ek jou.

8. MAANKYKER: Wie was die dame saam met wie ek jou gisteraand gesien het?

9. VOGELSTEWEL: (*onverwags in 'n woedebui*): Hoe durf jy! (*Sagter.*) Hoe durf jy. Jy moet liewer nie na my toe kom met jou slymerige insinuasies nie! My vrou Myrtle verstaan baie goed dat 'n kritikus in my posisie nou en dan daartoe gedwing word om by die wêreld van die voetligte betrokke te raak sodat ek *au fait* kan bly met die nuutste –

10. MAANKYKER: Ek vra om verskoning –

11. VOGELSTEWEL: Dat 'n resensent van my stipte integriteit beswadder en aan die skandpaal gebind moet word deur platvloerse skinderstories –

12. MAANKYKER: Ssssh –

13. VOGELSTEWEL: Ek het niks om weg te steek nie! As dit my geliefde Myrtle se ore moet bereik –

14. MAANKYKER: Kan ek asseblief 'n sjokolade kry?

15. VOGELSTEWEL: Wat? O – (*Hy vermurwe.*) O, ja – my liewe kêrel – ja, kom ons eet 'n sjokolade – dit help nie om – ja, alles reg. (*Sit 'n sjokolade in sy mond en kou.*) Van watter een hou jy die meeste? Kersie? Aarbei? Koffiegeur? Turkish delight?

16. MAANKYKER: Gee my 'n montelimar.

17. VOGELSTEWEL: (*hou op kou*): Uh. Jammer. (*Jy het net-net daardie een gemis.*)

18. MAANKYKER: Appelliefie fondue?

19. VOGELSTEWEL: Nee.

20. MAANKYKER: Pimperneut fudge? Kaalgatpersketrossie? Neuthout suiker-amandel? Chateau Neuf du Pape '55 krakeling?

1. VOGELSTEWEL: Ek's bevrees … Karamel?

2. MAANKYKER: Nou maar goed.

3. VOGELSTEWEL: Baie dankie. (*Hy gee MAANKYKER 'n sjokolade. Pouse.*) Terloops, ou maat, ek sal dit baie waardeer as jy dit nie noem dat – ek bedoel, jy verstaan tog hoe misverstande die rondte kan …

4. MAANKYKER: Wat?

5. VOGELSTEWEL: Myrtle hou eenvoudig nie van teater nie, en dis 'n feit … (*Sy stem sterf in hopeloosheid weg. Sonder om die lyk te ontdek en in 'n poging om die kamer netjies te maak, stoot MEV. VERSUF die bank bo-oor die lyk sodat dit heeltemal weggesteek is. Sy begin weer afstof terwyl sy neurie.*)

6. MAANKYKER: Terloops, Vogelstewel, baie geluk.

7. VOGELSTEWEL: Wat?

8. MAANKYKER: By die Royal Teater. Jou hele resensie in neon weergegee.

9. VOGELSTEWEL: (*in sy skik*): Ag … daardie ou ding.

10. MAANKYKER: Ek neem aan jy het dit gesien?

11. VOGELSTEWEL: (*vaag*): Wel, ek het daar verbygeloop …

12. MAANKYKER: Ek gaan definitief weer kyk wanneer alles tot bedaring kom.

13. VOGELSTEWEL: Om die waarheid te sê … ek het 'n paar kleurskyfies – ek weet nie of jy sou belangstel …?

14. MAANKYKER: Asseblief, asseblief – baie graag, baie graag …

    (*VOGELSTEWEL oorhandig 'n paar kleurskyfies en 'n kykskerm wat met batterye werk. MAANKYKER kyk daardeur terwyl hy praat.*)

    Ja … ja … pragtig … baie goed. Dit het skaal, dit het kleur, dit is, in die beste sin van die woord, elektries. So groot as wat dit is, is dit 'n klein meesterstuk – ek sou sover gaan om te sê – kineties sonder om *pop* te wees, en noudat ek dit gesê het dink ek dit moet gesê word dat ons hier 'n resensie het wat 'n nuwe dimensie by die kritiese terrein voeg. Ek moet daarop aandring dat jy jou dadelik na die Royal Teater haas want wat ons hier het is dit waaroor die lewe gaan. (*Nors, terwyl hy die skyfies teruggee.*) Al wat ek ooit gekry het was "Onvergeetlik" op die plakkate vir … Wat was dit?

15. VOGELSTEWEL: O – ja – ek weet … Was dit jy? Ek het gedink dit was Knibbelaar.

    (*Die telefoon lui. Dit blyk dat MEVROU VERSUF daarvoor gewag het omdat sy dit vir die afgelope paar sekondes met intense konsentrasie afgestof het. Sy gryp die gehoorstuk vinnig.*)

16. MEV. VERSUF: (*praat oor die foon*): Hallo, die salon van Lady Muldoon se herehuis een oggend in die vroeë lente? *Hallo!* – die salon van – Wie? Met wie wil u praat? Ek is bevrees daar is niemand met daardie naam hier nie, dit is alles baie misterieus

en ek is seker dit lei na iets, ek hoop nie daar is iets verkeerd nie want ons, dit is nou Lady Muldoon en haar huisgaste, is hier van die wêreld afgesny, insluitend Magnus, die aan-'n-rolstoel-gekluisterde half-broer van die lady se man Lord Albert Muldoon wat tien jaar gelede uitgegaan het om op die kranse te gaan stap en toe nooit weer gesien is nie – en sy is heeltemal alleen want hulle het nooit kinders gehad nie.

1. MAANKYKER: Derivatief, natuurlik.

2. VOGELSTEWEL: Maar heel deugdelik.

3. MEV. VERSUF: Sou 'n vreemdeling hom by ons aansluit, wat ek ten sterkste betwyfel, sal ek hom vertel dat jy geskakel het. Totsiens.

   (*Sy sit die foon neer en haar oog val op die verdagte karakter wat voorheen gesien is en wat weer deur die glasdeure ingekom het. Hy lyk nou selfs meer verdag as tevore. Hy raak bewus dat sy na hom staar, vries, en kom dan regop.)*

4. SIMON: A! – hallo daar! Ek is Simon Gascoyne en ek hoop jy gee nie om nie, maar die deur was oop toe dwaal ek in. Ek is 'n vriend van Lady Muldoon, die dame van die huis, wie ek ontmoet het deur 'n gemeenskaplike vriendin, Felicity Cunningham, kort nadat ek net nou die dag in hierdie buurt ingetrek het.

5. MEV. VERSUF: Ek is Mevrou Versuf. Ek woon nie hier nie maar ek kom oor op my fiets om bystand te verleen met die onderhoud van die sjarmante dog ietwat geïsoleerde Muldoon Manor wanneer die weer dit toelaat. (*Sy kyk vinnig na die horlosie.*) Kyk hoe laat is dit! Dis goed dat jy hier aangekom het voor die hoogwater ons vir alle praktiese doeleindes van die buitewêreld afsny.

6. SIMON: Ek het 'n kortpad oor die kranse geneem en een van die ou smokkelpaadjies deur die verraderlike moerasse wat hierdie vreemd onbereikbare huis omring, gevolg.

7. MEV. VERSUF: Ja, baie besoekers het al opmerkings gemaak oor die topografiese eienaardigheid in die plaaslike strata waarvolgens daar geen paaie is wat van die landgoed af lei nie, alhoewel daar tog maniere is om tot hier te kom, as die weer dit toelaat.

8. SIMON: Ja, wel ek moet sê dat dit tot dusver 'n heerlike dag is.

9. MEV. VERSUF: A! – maar noudat die koekoeksblom bot sal daar mis opkom voordat die son Fostersrif bereik.

10. SIMON: Ek moet sê, dis wonderlik hoe goed julle plattelandse mense weer voorspel.

11. MEV. VERSUF: (*suspisieus):* Wat weer voorspel?

12. SIMON: (*kyk by die venster uit*): Ja, dit lyk wel asof die mis begin aankom.

13. MEV. VERSUF: Die mis is baie verraderlik hier rond – dit rol sonder waarskuwing van die see af in en omhul die kranse in 'n dodelike blindemolsmantel.

14. SIMON: Ja, ek het hulle dit al hoor sê.

15. MEV. VERSUF: Ek is al deur naweke wanneer Muldoon Manor, soos hierdie pragtige ou

Queen Anne woning genoem word, netsowel op pakys kon gedobber het vir al wat dit sou help om die polisie te bel. Dit was 'n naweek soos dié toe Lord Muldoon, wie pas sy lieflike bruid na die tuiste van sy voorvaders gebring het, tien jaar gelede uit hierdie huis gestap het. Sy liggaam is nooit gevind nie.

1. SIMON: Inderdaad. Arme Cynthia.

2. MEV.VERSUF: Sy naam was Albert.

3. SIMON: Inderdaad. Arme Albert. Maar sê my, is Lady Muldoon hier?

4. MEV. VERSUF: Ek glo sy is besig om saam met Felicity Cunningham op die gras tennis te speel.

5. SIMON: (*onaangenaam verras*): Felicity Cunningham?

6. MEV. VERSUF: Ek glo jy het gesê sy is 'n gemeenskaplike vriendin? 'n Gelukkige toevalligheid, nie waar nie? Ek sal hulle sê dat jy hier is.

7. SIMON: Wel, ek kan, om die waarheid te sê, nie eintlik bly nie – moet hulle asseblief nie steur nie – ek behoort werklikwaar nou te gaan.

8. MEV. VERSUF: Hulle sal baie terleurgesteld wees. Ons het 'n hele ruk laas vier vir pontonbrug hier gehad, en ekself speel nie brug nie.

9. SIMON: Dan is daar nóg 'n gas?

10. MEV. VERSUF: Majoor Magnus, Lord Muldoon se kreupel half-broer wat net nou die dag onverwags en uit die bloute van Kanada af hier aangekom het, voltooi die geselskap.

    (*Hiermee verlaat MEV. VERSUF die kamer. SIMON is onseker.)*

11. MAANKYKER: (*mymer stilweg*): Ek glo ek is besig om te wag dat Knibbelaar doodgaan.

12. VOGELSTEWEL: Wat?

13. MAANKYKER: Half bang dat ek sal verdwyn wanneer dit gebeur.

    (*Die foon lui. SIMON tel dit op.)*

14. SIMON: Hallo?

15. MAANKYKER: Ek wonder of Rimpelrant dieselfde voel?

16. SIMON EN VOGELSTEWEL: (*saam*): Wie?

17. MAANKYKER: Derde viool.

18. VOGELSTEWEL: Die kêrel wat jou plek inneem?

19. MAANKYKER: Wag hy vir my en Knibbelaar om mekaar se doodsberigte te skryf – droom hy - ?

1. SIMON: Met wie wil u praat?

2. VOGELSTEWEL: Watse tipe is hy?

3. MAANKYKER: Bitter.

4. SIMON: Daar is nie so iemand hier nie.

5. VOGELSTEWEL: Nee – as 'n kritikus, watse tipe kritikus is Rimpelrant?

6. MAANKYKER: (*'n giftige laggie*): Niemand weet nie –

7. SIMON: U moet die verkeerde nommer hê!

8. MAANKYKER: – daar is nog altyd ek en Knibbelaar.

(*SIMON sit die foon neer en loop senuweeagtig op en af. Pouse. VOGELSTEWEL kyk in sy program.*)

9. VOGELSTEWEL: Simon Gascoyne. Dis natuurlik nie hy nie.

10. MAANKYKER: Wat?

11. VOGELSTEWEL: Ek sê, dis nie hy nie.

12. MAANKYKER: Wie dan?

13. VOGELSTEWEL: Ek raai dis Magnus.

14. MAANKYKER: In vermomming, bedoel jy?

15. VOGELSTEWEL: Wat?

16. MAANKYKER: Jy dink hy is Magnus in vermomming?

17. VOGELSTEWEL: Ek dink nie jy konsentreer nie, Maankyker.

18. MAANKYKER: Ek dog dan jy sê –

19. VOGELSTEWEL: Jy hou aan babbel oor Knibbelaar en Rimpelrant – wat gaan met jou aan?

20. MAANKYKER: (*peinsend*): Ek wonder of hulle van my praat …?

(*'n Vreemde impuls maak dat SIMON die radio aanskakel.*)

20. RADIO: Hier is nog 'n polisie-aankondiging. Die graafskappolisie van Essex soek steeds tevergeefs na die waansinnige man wat op vrye voet verkeer in die dodelike moerasse langs die kus. Speurder Bloedhond, die meesterbrein aan hoof van die operasie, is nie nou beskikbaar vir kommentaar nie maar dit word wyd geglo hy het 'n geheime plan … Intussen fynkam polisie en vrywilligers die moerasse en roep deur spreektrompette: "Moenie mal wees nie, gee jouself oor." Dit is die einde van die polisie-aankondiging.

(*SIMON skakel die radio af. Hy is duidelik senuweeagtig. MAANKYKER en VOGELSTEWEL is op verskillende spore.*)

1. VOGELSTEWEL: (*op veelseggende manier*): A! – ja …

2. MAANKYKER: Ja, ek sou dink my naam is selde nié op Rimpelrant se lippe nie … dis eintlik hartseer, moet ek sê. Ek bedoel, dit is werklik geen lewe nie, 'n plaasvervanger se plaasvervanger.

3. VOGELSTEWEL: Ja … ja …

4. MAANKYKER: Knibbelaar dink nooit aan my nie. Dit weet ek uit hoe hy sy kop knik.

5. VOGELSTEWEL: Wraaksug, natuurlik.

6. MAANKYKER: Wat?

7. VOGELSTEWEL: Jaloesie.

8. MAANKYKER: Ag, nonsens – dis nie *persoonlik* nie –

9. VOGELSTEWEL: Paranoïese afguns –

10. MAANKYKER: (*skerp om mee te begin dan al hoe vinniger*): Dit is net dat dit nie genoeg is om slegs benodig te word wanneer iemand anders nie beskikbaar is nie, om in reserwe te wees, om ter hand te wees, opeisbaar, om óf in te staan óf gladnie, die substituut – die amper aanbod – die deeltydse instaaner – want ek is Maankyker, aaneenlopende Maankyker, in my eie skoene, Maankyker in Junie, April, September en geen lid van die menslike ras hou my stukkie spasie warm nie – ja, dit weet ek uit hoe hy sy kop knik.

11. VOGELSTEWEL: Heeltemal van sy sinne af, natuurlik.

12. MAANKYKER: Wat?

13. VOGELSTEWEL: Die antwoord lê daar buite in die moerasse.

14. MAANKYKER: O.

15. VOGELSTEWEL: Die geraamte in die kas vind sy sonde.

16. MAANKYKER: O, ja. (*Hy maak keel skoon … beide hy en VOGELSTEWEL het 'n "publieke"* , *kritiese stem wat hulle aanskakel wanneer 'n opinie uitgespreek word.*) Reeds in die openingsfase word ons bewus van die klassieke impak van die katalitiese figuur – die buitestaander – wat in die middel van 'n geordende wêreld inbars en ontwrigting veroorsaak – skokgolwe wat – tensy ek verkeerd is, hierdie gemaklike mense – hierdie geskubdes in die rotspoel van die gemeenskap – se skubbe sal afstroop en hulle sal blootlê as die bewende rou stukke vleis wat almal van ons, in ons diepste wese, wel is. Maar daar is meer as net dit –

17. VOGELSTEWEL: Ek stem saam – hou jou oog op Magnus.

(*'n Tennisbal hop deur die dubbele glasdeure, gevolg deur FELICITY. Sy is in haar twintigs, geklee in 'n mooi tennisrokkie en het 'n tennisraket in die hand.*)

18. FELICITY: (*roep na agter*): Uit! (*Dit neem 'n oomblik voor sy SIMON raaksien. Hy staan skelm eenkant.*)

1. MAANKYKER: (*geroer deur 'n herinnering*): Ek sê, Vogelstewel …
2. VOGELSTEWEL: Dis die een.
3. FELICITY: (*sien SIMON raak*): Jy! (*Verras maar bly.*)
4. SIMON: (*senuweeagtig*): Uh, ja … hallo daar.
5. FELICITY: Wat doen jy hier?
6. SIMON: Wel, ek …
7. MAANKYKER: Sy is –
8. VOGELSTEWEL: Sssh …
9. SIMON: Jy is seker baie verbaas om my te sien.
10. FELICITY: Eerlikwaar, my liefling, jy is regtig uitsonderlik.
11. SIMON: Ja, wel, hier is ek.
12. FELICITY: Jy moes desperaat gewees het om my te sien – ek bedoel, ek voel so *gevlei,* maar kon dit nie wag tot ek terug is nie?
13. SIMON: (*dapper*): Daar is iets wat jy moet weet.
14. FELICITY: En dit is?
15. SIMON: Kyk, oor die goed wat ek gesê het – dit mag wees dat ek 'n bietjie weggevoer geraak het – ons albei het –
16. FELICITY: (*styf*): Wat probeer jy sê?
17. SIMON: My hart behoort aan iemand anders!
18. FELICITY: Ek sien.
19. SIMON: Ek het geen beloftes gemaak nie – ek het net –
20. FELICITY: Jy hoef niks meer te sê nie –
21. SIMON: Ek wou jou nie seermaak nie –
22. FELICITY: Hoe durf jy!
23. SIMON: Wel, ek –
24. FELICITY: Jou lafhartige rokjagter!
25. SIMON: Laat my asseblief verduidelik –
26. FELICITY: Dit is nóg die tyd, nóg die plek – jy dink jy kan enige plek instorm, waar ek ookal mag wees –
27. SIMON: Maar ek wil hê jy moet weet dat ek jou opreg bewonder – ek wil nie hê dat jy

moet dink dat ek nie bedoel het wat ek gesê het nie –

1. FELICITY: Hiervoor sal ek jou nog vermoor, Simon Gascoyne!

   (*Sy loop in trane uit, verby MEVROU VERSUF wat betyds ingekom het om haar laaste opmerking te hoor.*)

2. MAANKYKER: Dit is sy.

3. VOGELSTEWEL: Ek het jou gesê – reguit boontoe –

4. MAANKYKER: Nee, nee –

5. VOGELSTEWEL: Ssssh …

6. SIMON: (*aan MEV. VERSUF*): Ja, wat is dit nou?

7. MEV. VERSUF: Ek het gekom om die speeltafel op te stel, meneer.

8. SIMON: Ek glo nie ek kan bly nie.

9. MEV. VERSUF: O, Lady Muldoon sal baie terleurgesteld wees.

10. SIMON: Weet sy dat ek hier is?

11. MEV. VERSUF: O ja, meneer. Ek het haar sopas vertel en sy is baie opgewonde.

12. SIMON: Werklik? … Wel, ek veronderstel noudat die lug gesuiwer is … baie opgewonde, sê jy … werklik … werklik …

    (*SIMON en MEV. VERSUF begin alles regkry vir die kaartspel en MEV. VERSUF gaan af wanneer dit gedoen is.*)

13. MAANKYKER: Felicity! – sy's die een.

14. VOGELSTEWEL: Nonsens – aandagafleier.

15. MAANKYKER: Ek bedoel, dit was *sy*!

16. VOGELSTEWEL: (*vererg*): *Wat* was?

17. MAANKYKER: Die dame saam met wie ek jou gisteraand gesien het!

18. VOGELSTEWEL: (*trek woedend sy asem in*): Insinueer jy dat 'n man van my nougesette integriteit sy pen vir 'n pot lensiesop sal verkwansel? Net omdat ek as deel van my beroep per ongeluk kennis gemaak het met – omdat ek, sou mens kon sê, 'n eerlike agting het, as jy dit so wil stel, vir 'n mede-ploeteraar in die wingerde van grimeersel – ek vind dit eenvoudig ondraaglik om so belaster en beswadder –

19. MAANKYKER: Ek het nie bedoel –

20. VOGELSTEWEL: – om te vind dat ek die teiken van oningeligte geniepsigheid is, die kleinsielige geskinder van klein mannetjies –

21. MAANKYKER: Ek is jammer –

1. VOGELSTEWEL: – om voor te gee dat my goeie opinie in ‘n joernaal van onkreukbare integriteit tot die beskikking is van die eerste koket wat vir my gee wat ek wil hê –

2. MAANKYKER: Sssssh –

3. VOGELSTEWEL: ‘n Vrouegek! … Ek en Myrtle is al saam vir – Goeie bliksem! – *wie* is *dit*?

   (*LADY CYNTHIA MULDOON kom deur die glasdeure in. ‘n Beeldskone vrou in haar dertigs. Sy dra ‘n skemertabberd, haar hare is formeel opgedoen en sy hou ‘n tennisraket in haar hand. Die effek wat sy op VOGELSTEWEL het is indrukwekkend. Hy staan halfpad uit sy stoel op en sak dan verstom weer terug.*)

4. CYNTHIA: (*terwyl sy instap*): Simon!

   (*CYNTHIA en SIMON vries dramaties.*)

5. MAANKYKER: Lady Muldoon.

6. VOGELSTEWEL: Nee, ek bedoel – wie *is* sy?

7. SIMON: (*kom vorentoe*): Cynthia!

8. CYNTHIA: Moet asseblief vir ’n oomblik niks sê nie – hou my net vas.

   (*Hy gryp haar en plak sy lippe teen hare vas. Terwyl hul lippe so vasgelym is -*)

9. VOGELSTEWEL: Sy is *beeldskoon* – ‘n visioen van ewigdurende grasie, poëties …

10. MAANKYKER: Ek dink haar mond is oop.

11. CYNTHIA: (*breek dramaties weg):* Ons kan nie voortgaan om so te ontmoet nie!

12. SIMON: Ons het niks om ons oor te skaam nie!

13. CYNTHIA: Maar, my liefling, dit is gekheid!

14. SIMON: Ja! – ek is mal van liefde vir jou!

15. CYNTHIA: Asseblief – onthou tog waar ons is!

16. SIMON: Cynthia, ek het jou lief!

17. CYNTHIA: Moenie – ek is lief vir Albert!

18. SIMON: Hy is dood! (*Skud haar.*) Verstaan jy my – Albert is dood!

19. CYNTHIA: Nee – ek sal nooit ophou hoop nie! Laat my gaan! Ons is nie vry nie!

20. SIMON: Ek gee nie om nie, ons is vir mekaar bedoel – as ons maar betyds ontmoet het!

21. CYNTHIA: Jy is ‘n skobbejak, Simon! Jy sal my gebruik en eenkant toe gooi soos jy al soveel ander eenkant toe gegooi het.

22. SIMON: Nee, Cynthia! – jy kan van my ‘n beter man maak!

1. CYNTHIA: Jy is genadeloos – so sterk, so wreed –

(*Hy soen haar genadeloos.*)

2. MAANKYKER: Die seun wat sy nooit gehad het nie, nou geprojekteer op hierdie aantreklike vreemdeling en getransformeer tot minnaar – jeug, vitaliteit, die dier, die atleet as esteet – die versperrings word tot op die diepste vlakke van begeerte afgebreek.

3. VOGELSTEWEL: Liewe magtig, ek dink jy's reg. Haar mond *is* oop.

4. CYNTHIA: (*breek weg – MEV. VERSUF het ingekom*): Hou op – kan jy nie sien dat jy besig is om 'n gek van jouself te maak nie!

5. SIMON: Ek sal enigeen wat tussen ons kom doodmaak!

6. CYNTHIA: Ja, wat is dit, Mevrou Versuf?

7. MEV. VERSUF: Moet ek die versters toemaak, my Lady? Die missluiers is besig om van die see af in te rol soos 'n dodelike –

8. CYNTHIA: Ja, jy beter. Dit lyk asof dit een van dáárdie dae gaan wees. Is alles gereed vir die kaartspel?

9. MEV. VERSUF: Ja, my Lady.

10. CYNTHIA: En gaan vra asseblief die Majoor om hom by ons aan te sluit.

11. MEV. VERSUF: (*terwyl sy uitstap*): Ek dink ek hoor hom nou by die trappe afkom.

(*Sy is reg: die klank van 'n rolstoel wat besig is om vinnig by verskeie stelle trappe en die trapportale tussenin, af te kom. Dit arriveer, met MAGNUS as passassier, teen ongeveer 15 m.p.u. en stamp SIMON gewelddadig om.*)

12. CYNTHIA: Simon!

13. MAGNUS: (*bulderend)*: Nooit 'n kans gehad nie! Onder die wiele ingehardloop!

14. CYNTHIA: Liefling, is jy beseer?

15. MAGNUS: Ek het 'n getuie!

16. CYNTHIA: O, Simon – sê tog iets!

17. SIMON: (*sit skielik regop*): Ek is verskriklik jammer.

18. MAGNUS: (*bulder steeds*): Hoe lank is jy al 'n voetganger?

19. SIMON: Vandat ek begin loop het.

20. CYNTHIA: Kan jy nóú loop …? (*SIMON staan op en loop.*) Dankie tog! Magnus, dit is Simon Gascoyne.

21. MAGNUS: Wat soek hy hier?

22. CYNTHIA: Hy het eenvoudig gearriveer.

1. MAGNUS: Regtig? En hoe hou jy daarvan hier?

2. SIMON: (*aan CYNTHIA*): Ek kan vir ewig bly.

3. FELICITY: (*stap op*): So – jy's nog steeds hier.

4. CYNTHIA: Natuurlik is hy nog hier. Ons gaan kaart speel. Dit is onnodig om die twee van julle aan mekaar voor te stel, nie waar nie, want ek onthou nou dat jy, Simon, my deur Felicity, ons gemeenskaplike vriendin, ontmoet het.

5. FELICITY: Ja, Simon is 'n ou vriend, maar nie so oud soos jy nie, Cynthia my skat.

6. SIMON: Ja … wanneer hét ek laas vir Felicity gesien?

7. FELICITY: Gisteraand.

8. CYNTHIA: Inderdaad? Wel, jy kan die kaarte uitdeel, Felicity. Simon, help my asseblief met die rusbank. Sal jy Felicity se spelmaat wees, Magnus, teen my en Simon?

9. MAGNUS: (*tersyde*): Sal jy en Simon altyd saam teen my speel, Cynthia?

10. CYNTHIA: Wat bedoel jy, Magnus?

11. MAGNUS: Jy is 'n baie aantreklike vrou, Cynthia.

12. CYNTHIA: Asseblief! Asseblief! Onthou vir Albert!

13. MAGNUS: Albert is dood, Cynthia – en jy is nog jonk. Ek is seker hy sou wou hê dat ek en jy –

14. CYNTHIA: Nee, Magnus, dit kan nooit gebeur nie!

15. MAGNUS: Dis Gascoyne, is dit nie? Ek sal hom doodmaak as hy tussen ons kom!

16. CYNTHIA: (*roep*): Simon!

(*Die rusbank word na die speeltafel toe gestoot en weereens kom die lyk tevoorskyn, maar die spelers sien dit nie.*)

17. VOGELSTEWEL: Simon gaan afgemaai word sê ek jou nou.

18. CYNTHIA: Goed! Wie wil begin?

19. MAGNUS: Ek, en ek maak nie 'n bod nie.

20. CYNTHIA: Het ek jou hoor sê dat jy gisteraand vir Felicity gesien het, Simon?

21. SIMON: Het ek? Ja, ja, natuurlik – jou beurt, Felicity.

22. FELICITY: Ek het my beurt gehad, nie waar nie, Simon? – nou is dit blykbaar Cynthia se beurt.

23. CYNTHIA: Dit is my kunsie, Felicity skat.

24. FELICITY: *Hell hath no fury like a woman scorned,* Simon.

1. SIMON: Ja, ek het hulle dit al hoor sê.

2. FELICITY: Ek hoop dus jy verneuk nie, Simon.

3. SIMON: (*staan op en gooi sy kaarte op die tafel neer*): Nee, Felicity, dis net dat ek die regte kaarte in my hand het!

4. CYNTHIA: Wel gedaan, Simon!

(*MAGNUS betaal vir SIMON terwyl CYNTHIA kaarte uitdeel.*)

5. FELICITY: Interessant hoe Simon eenvoudig van nêrens af in die buurt opgeduik het. Eintlik weet ons niks van hom af nie.

6. SIMON: Dit baat nie altyd om jou hand te wys nie!

7. CYNTHIA: Reg! Simon, jy moet open op die kleiner bod.

(*SIMON speel.*)

8. CYNTHIA: Hm, laat ons sien … (*Speel.*)

9. FELICITY: Ek hoor 'n gevaarlike malman het ontsnap.

10. CYNTHIA: Simon?

11. SIMON: Ja – ja – jammer. (*Speel.*)

12. CYNTHIA: Ek is uit.

13. FELICITY: Persoonlik dink ek dat hy in die verlate hut (*speel*) op die kranse wegkruip.

14. SIMON: 'n Volvuis!

15. CYNTHIA: Nee! Simon – jy is vanaand baie gelukkig!

16. FELICITY: Ons sal sien – die aand is nog nie verby nie, Simon Gascoyne! (*Sy stap af.*)

(*MAGNUS betaal weer vir SIMON.*)

17. SIMON: (*aan MAGNUS*): So jy is Lord Muldoon se kreupel half-broer wat net nou die dag onverwags en uit die bloute van Kanada af hier aangekom het, is jy? Dit het jou lank genoeg gevat om hier uit te kom. Wat het jy gedoen – geloop? O, ek moet sê, ek is versriklik jammer!

18. MAGNUS: Wil jy dalk vir 'n rit in die roostuin gaan, Cynthia?

19. CYNTHIA: Nee, Magnus, ek moet met Simon praat.

20. SIMON: My rondte, glo ek, Majoor.

21. MAGNUS: Dink jy so?

22. SIMON: Ja, Majoor – ek dink so.

23. MAGNUS: Daar is 'n ou Kanadese spreekwoord wat van die Bladvoet Indiane afkomstig is,

wat sê: Hy wat die laaste lag, lag die lekkerste.

1. SIMON: Ja, ek het hulle dit al hoor sê. (*Hy draai weg na CYNTHIA.*)

2. MAGNUS: Wel, ek dink ek sal my geweer gaan olie. (*Hy gaan af.*)

3. CYNTHIA: Ek dink Magnus vermoed iets. En Felicity … Simon, was daar iets tussen jou en Felicity?

4. SIMON: Nee, nee – dit is verby tussen my en haar, Cynthia – ons het bloot 'n verbygaande, vlietende … dingetjie gehad – maar noudat ek jou gevind het –

5. CYNTHIA: As ek uitvind dat jy ontrou aan my was – as ek uitvind dat jy my valslik van my dierbare man, Albert, weggelok het – ek sal jou vermoor, Simon Gascoyne!

(*MEV. VERSUF het stilweg ingekom en die toneeltjie aanskou. Op hierdie tablo, swanger met betekenis, eindig die bedryf. Die lyk is steeds nie ontdek nie. Terloopse applous van die gehoor op die verhoog. MAANKYKER en VOGELSTEWEL blyk geheel en al afwesig te wees en word hoorbaar.*)

6. MAANKYKER: Moffie oral rond by die Old Vic in sy opera-mantel en probeer my vasknoop.

7. VOGELSTEWEL: Glo jy in liefde met die eerste oogopslag?

8. MAANKYKER: Dis nie dat ek dink ek is 'n beter kritikus nie –

9. VOGELSTEWEL: Ek kan voel hoe my hele lewe verander –

10. MAANKYKER: Ek is – maar dis nie waarom dit gaan nie.

11. VOGELSTEWEL: O, ek weet die wêreld gaan my uitlag …

12. MAANKYKER: Dis nou ook nie asof dit veel gaan vra om sy skoene vol te staan nie …

13. VOGELSTEWEL: … gaan my 'n verspotte ou gek noem …

14. MAANKYKER: … Hulle is eenvoudig nie groot skoene nie.

15. VOGELSTEWEL: … my veroordeel …

16. MAANKYKER: Hy staan in my lig, dis al.

17. VOGELSTEWEL: … verraaier van my klas …

18. MAANKYKER: … 'n amper onafgebroke eklips, onderbreek deur die verskyning van maanlig.

19. VOGELSTEWEL: Ek gee nie om nie, dis klaar met my.

20. MAANKYKER: En ek droom …

21. VOGELSTEWEL: Die Blou Engel – van voor af.

22. MAANKYKER: … van die dag wanneer sy temperatuur deur die bo-punt van sy kop styg …

23. VOGELSTEWEL: Die soete waansin van die liefde …

1. MAANKYKER: … of die spasma op die trappe …

2. VOGELSTEWEL: Vaarwel, Myrtle …

3. MAANKYKER: … terwyl hy droom van die trap wat hy nooit sal bereik nie –

4. VOGELSTEWEL: … want ook ek lewe net eenkeer …

5. MAANKYKER: Soms droom ek dat ek hom vermoor het.

6. VOGELSTEWEL: Wat?

7. MAANKYKER: Wat?

(*Hulle ruk hulself reg.*)

8. VOGELSTEWEL: Ja … ja … 'n Skitterende vertolking, 'n versamelstuk. Dis wat ek sal sê.

9. MAANKYKER: 'n Baie belowende debuut. Ek sal 'n goeie woordjie doen.

10. VOGELSTEWEL: Dit sal net so skynheilig van my wees om as gevolg van persoonlike gevoelens lof te weerhou as om sensuur te weerhou.

11. MAANKYKER: Jy is heeltemal reg. Manmoedig.

12. VOGELSTEWEL: O, ek weet wat die mense gaan sê – daar is Vogelstewel alweer besig om sy nuutste heuning om die mond te smeer –

13. MAANKYKER: Ignoreer hulle –

14. VOGELSTEWEL: Maar ek sal daarbo uitstyg – Die feit bly staan dat ek eerlikwaar glo haar vertolking is 'n hoogtepunt op die terrein van hedendaagse teater.

15. MAANKYKER: 'n Vietse sitvlak, dis vir seker.

16. VOGELSTEWEL: – die glans, die innerlike droefheid –

17. MAANKYKER: Kom sy inderdaad daarmee tevoorskyn?

18. VOGELSTEWEL: Die rol, soos geskryf, is bloot 'n figurant maar sy kry dit reg om werklik van Cynthia 'n mens te maak –

19. MAANKYKER: *Cynthia*?

20. VOGELSTEWEL: En sou sy, as gevolg daarvan, bereid wees om my vir 'n drankie te ontmoet, om … uh – dankie te sê, as mens dit so kan stel –

21. MAANKYKER: Wel, jou wispelturige rokjagter!

22. VOGELSTEWEL: (*aggressief*): Wil jy te kenne gee …? (*Hy sidder tot 'n halt en maak sy keel skoon.*) Nouja – dit kom mooi aan, dink jy nie?

23. MAANKYKER: O ja, ja. 'n Fyn drieledigheid van kragte. Mens moet natuurlik jou oordeel tot en met die konfrontasie reserveer maar ek het 'n goeie idee waarheen dit alles lei.

24. VOGELSTEWEL: Ek stem saam. Mens kan 'n myl ver sien dis Magnus.

1. MAANKYKER: (*klein pouse*): Mens kan 'n myl ver sien Magnus is wat?

2. VOGELSTEWEL: As ons dit geweet het sou ons nie nou hier gewees het nie.

3. MAANKYKER: (*maak keel skoon*): Laat ek onmiddelik sê dit het *élan* maar dat dit terselfdertyd *éclat* vermy. Noudat dit gesê is, en ek glo dit moet gesê word, vra ek myself af – weet hierdie drama waarheen dit op pad is?

4. VOGELSTEWEL: Wel, vir my lyk dit na 'n uitgemaakte saak, Maankyker – Magnus is nie wie hy voorgee om te wees nie en hy het reeds sy volgende slagoffer gemerk –

5. MAANKYKER: Verklaar hy, en ek herhaal, sy affiliasies? Daar is oomblikke, en ek misgun hom dit nie, wanneer die stuk, as ons dit so kan noem, en ek glo per slot van rekening dat ons kan, homself sonder kompromis aan die kant van die lewe skaar. *Je suis*, blyk dit te sê, *ergo sum.* Maar is dit genoeg? Ek glo ons het die reg om dit te vra. Want waarmee, inderdaad, bemoei hierdie drama hom? Ek glo dat ons onsself hier bemoei met wat ek al voorheen na verwys het as die aard van identiteit. Ek dink ons het wel die reg om te vra – en hier word mens onweerstaanbaar herinner aan Voltaire se uitroep, "*Voila!*" – ek dink ons het wel die reg om te vra – *Waar is God?*

6. VOGELSTEWEL: (*verslae*): Wie?

7. MAANKYKER: *God*.

8. VOGELSTEWEL: (*loer skelm in sy program*): God?

9. MAANKYKER: Ek dink ons het die reg om te vra.

   (*Die foon lui. Die verhoog word weer belig. CYNTHIA, FELICITY en MAGNUS kom na vore terwyl MEV. VERSUF koffie inskink en aangee. SIMON is nie aanwesig nie. Die lyk is in posisie.*)

10. MEV. VERSUF: (*praat oor die telefoon*): Dieselfde, 'n halfuur later? … Nee, ek vra om verskoning – daar is niemand hier wat so genoem word nie. (*Sy sit die foon neer en gaan aan om koffie uit te deel. Aan CYNTHIA.*) Swart of wit, my Lady?

11. CYNTHIA: Wit, asseblief. (*MEV. VERSUF skink.*)

12. MEV. VERSUF: (*aan FELICITY*): Swart of wit, Juffrou?

13. FELICITY: Wit, asseblief. (*MEV. VERSUF skink.*)

14. MEV. VERSUF: (*aan MAGNUS*): Swart of wit, Majoor?

15. MAGNUS: Wit, asseblief. (*MEV. VERSUF skink.*)

16. MEV. VERSUF: (*aan CYNTHIA*): Suiker, my Lady?

17. CYNTHIA: Ja, asseblief. (*Gooi suiker in.*)

18. MEV. VERSUF: (*aan FELICITY*): Suiker, Juffrou?

19. FELICITY: Ja, asseblief. (*Gooi suiker in.*)

1. MEV. VERSUF: (*aan MAGNUS*): Suiker, Majoor?

2. MAGNUS: Ja, asseblief. (*Gooi suiker in.*)

3. MEV. VERSUF: (*aan* CYNTHIA): Beskuitjie, my Lady?

4. CYNTHIA: Nee, dankie.

5. VOGELSTEWEL: (*skryf omslagtig in sy notaboek*): Die tweede bedryf faal egter deur nie die belofte tot vervulling te bring nie …

6. FELICITY: As jy my vra is daar iets vreemds aan die gang.

   (*FELICITY spring ongeduldig op wanneer MEV. VERSUF haar nader. Sy gaan na die radio terwyl MAGNUS 'n beskuitjie weier en MEV. VERSUF afgaan.*)

7. RADIO: Ons onderbreek ons progam vir 'n spesiale polisie-aankondiging. Die soektog na die gevaarlike waansinnige man wat in Essex op vrye voet verkeer is nou beperk tot die onmiddelike omgewing van Muldoon Manor. Polisie word in die wiele gery deur dodelike moerasse en misbanke, maar glo dat die waansinnige die nag in 'n verlate hut op die kranse deurgebring het. Die publiek word gemaan om bymekaar te bly en seker te maak dat niemand in hul geselskap vermis word nie. Dit is die einde van die polisie-aankondiging.

   (*FELICITY skakel die radio senuweeagtig af. Pouse.*)

8. CYNTHIA: Waar is Simon?

9. FELICITY: Wie?

10. CYNTHIA: Simon. Het jy hom gesien?

11. FELICITY: Nee.

12. CYNTHIA: Het jy, Magnus?

13. MAGNUS: Nee.

14. CYNTHIA: O.

15. FELICITY: Ja, daar is iets in die lug wat niks goeds voorspel nie. Dit voel asof een van ons …

16. CYNTHIA: Ag, Felicity, die huis is toegesluit – niemand kan inkom nie – en die polisie is feitlik op ons voorstoep.

17. FELICITY: Ek weet nie … dis net 'n gevoel.

18. CYNTHIA: Dis maar net die missluier.

19. MAGNUS: Bloedhond sal nooit deurdring op so 'n dag nie.

20. CYNTHIA: (*skreeu op hom*): *Missluier!*

21. FELICITY: Hy bedoel die speurder.

1. CYNTHIA: Bring hy ‘n hond saam?

2. FELICITY: Nie waarvan ek weet nie.

3. MAGNUS: – sal nooit deur die moerasse kom nie. Ja, ek is bevrees die waansinnige kan nou in veiligheid sy volgende hand speel.

   (*‘n Vreesaanjaende, hartseer, huilende geblaf word in die verte gehoor.*)

4. CYNTHIA: Wat is dit?

5. FELICITY: (*gespanne*): Dit klink na die gehuil van ‘n reusagtige hond!

6. MAGNUS: Arme duiwel!

7. CYNTHIA: Ssssh!

   (*Hulle luister. Die klank kom nader.*)

8. FELICITY: Daar’s dit weer!

9. CYNTHIA: Dit kom hiernatoe – dis reg buite die huis!

   (*MEV. VERSUF kom binne.*)

10. MEV. VERSUF: Speurder Bloedhond!

11. CYNTHIA: ‘n *Polisie*-hond?

    (*SPEURDER BLOEDHOND kom op. Aan sy voete is moeras-stewels – twee opgeblaasde rubber pontons wat onder plat is, omtrent 70 cm breed. Hy dra ‘n mishoring in sy hand.*)

12. BLOEDHOND: Lady Muldoon?

13. CYNTHIA: Ja.

14. BLOEDHOND: Ek het so gou moontlik gekom. Waar sal ek my mishoring en my moeras-stewels neersit?

15. CYNTHIA: Mevrou Versuf sal dit buitentoe neem. Wees gereed, soos die Mag se leuse dit wil hê, nie waar nie, Speurder? Uiters vindingryk.

16. BLOEDHOND: (*raak ontslae van sy mishoring en moeras-stewels en MEV. VERSUF gaan daarmee af.*): Dit vra meer as ‘n bietjie slegte weer om ‘n polisieman van sy pligte af weg te hou.

    (*‘n Pouse.*)

17. CYNTHIA: O – uh – Speurder Bloedhond – Felicity Cunningham, Majoor Magnus Muldoon.

18. BLOEDHOND: Goeienaand.

    (*Hy en CYNTHIA hou aan om vol verwagting na mekaar te kyk.*)

19. ALBEI SAAM: Wel? – Jammer –

1. CYNTHIA: Nee, gaan asseblief aan.

2. BLOEDHOND: Dankie. Wel, vertel my asseblief in u eie woorde daarvan – neem u tyd, begin by die begin en moet niks uitlaat nie.

3. CYNTHIA: Ekskuus?

4. BLOEDHOND: Moet asseblief nie bang wees nie. U is nou in veilige hande. Ek hoop julle het aan niks geraak nie.

5. CYNTHIA: Ek is bevrees ek verstaan nie.

6. BLOEDHOND: Ek is Speurder Bloedhond.

7. CYNTHIA: Ja.

8. BLOEDHOND: Wel, waaroor gaan dit alles?

9. CYNTHIA: Ek het regtig nie die vaagste benul nie.

10. BLOEDHOND: Hoe het dit begin?

11. CYNTHIA: Wat?

12. BLOEDHOND: Die … ding.

13. CYNTHIA: Watter ding?

14. BLOEDHOND: (*vererg maar vinnig besig om selfvertroue te verloor*): Die moeilikheid!

15. CYNTHIA: Daar is geen moeilikheid nie.

16. BLOEDHOND: Het julle nie die polisie gebel nie?

17. CYNTHIA: Nee.

18. FELICITY: Ek het nie.

19. MAGNUS: Waarvoor?

20. BLOEDHOND: Ek sien. (*Pouse.*) Dit plaas my in ‘n baie moeilike posisie. (*Pouse.*) Wel, dan gaan ek maar weer. (*Hy beweeg nader aan die deur.*)

21. CYNTHIA: Ek is baie jammer.

22. BLOEDHOND: (*styf*): Alles reg.

23. CYNTHIA: Baie dankie dat u gekom het.

24. BLOEDHOND: Hoegenaamd nie. Mens weet nooit, daar kon wel ‘n ernstige probleem gewees het.

25. CYNTHIA: ‘n Drankie?

26. BLOEDHOND: Selfs ernstiger as dit.

1. CYNTHIA: (*korrigeer*): ‘n Drankie voordat u vertrek?

2. BLOEDHOND: Nee, dankie. (*Gaan af.*)

3. CYNTHIA: (*by die deur*): Ek hoop werklik julle vind hom.

4. BLOEDHOND: (*onmiddelik weer terug*): Vind wie, Madame? – uit daarmee!

5. CYNTHIA: Ek dog julle is op soek na die kranksinnige.

6. BLOEDHOND: En wat weet u daarvan?

7. CYNTHIA: Dit was op die radio.

8. BLOEDHOND: Was dit, inderdaad? Wel, dit is in der waarheid waarom ek hier is. Ek wou dit nie noem nie want ek het geen idee gehad hoeveel julle weet nie. Daar is geen sin in om onnodig paniek te saai nie, selfs met ‘n moordenaar in ons midde.

9. FELICITY: ‘n Moordenaar, het u gesê?

10. BLOEDHOND: A! – *dit* was dus nie op die radio nie.

11. CYNTHIA: Wie het hy vermoor, Speurder Bloedhond?

12. BLOEDHOND: Dalk niemand nie – tot dusver. Kom ons hoop ons is betyds.

13. MAGNUS: Glo u dat hy in ons midde is?

14. BLOEDHOND: Ek dink so. As enigeen van julle onlangs ‘n jongerige, aantreklike kêrel raakgeloop het – in ‘n deftige pak, wit hemp, hoedloos, wel-ter-tale – iemand wat moontlik beweer dat hy sopas na hierdie omgewing verhuis het, iemand wat op die oppervlak so gesond van verstand as ek en jy blyk te wees, dan is dit nou die tyd om te praat.

15. FELICITY: Ek –

16. BLOEDHOND: Moet my nie in die rede val nie!

17. FELICITY: Speurder Bloedhond –

18. CYNTHIA: Nee, Felicity!

19. BLOEDHOND: Asseblief, Lady Cynthia, ons is almal saam hierby betrokke. Ek moet jou vra om jouself totaal en al in my hande te plaas.

20. CYNTHIA: Moenie, Speurder. Ek is lief vir Albert.

21. BLOEDHOND: Ek dink nie u snap my bedoeling nie.

22. MAGNUS: Is een van ons in gevaar?

23. BLOEDHOND: Vind u dit nie raar dat die kranksinnige hom direk ná sy ontsnapping na Muldoon Manor gehaas het nie? Ek raai dat hy ‘n diep-gesetelde wrok teen iemand in hierdie huis dra! Lady Muldoon – waar is u man?

24. CYNTHIA: My man? – U bedoel tog nie – ?

1. BLOEDHOND: Ek weet nie – maar ek het rede om te glo dat een van julle die *real McCoy* is!

2. FELICITY: Die *real* wat?

3. BLOEDHOND: William Herbert McCoy wat, toe hy as jong man baie jare gelede in Kanada op straat deur 'n kranksinnige lastig geval is vir 'n sikspens vir 'n koppie tee, geantwoord het: "Hoekom doen jy nie 'n behoorlike dag se werk nie, jou skelm ou sak vol perdedrolle", en toe voortgegaan en 'n fortuin gemaak het. (*Hy begin op en af loop.*) Die kranksinnige was op daardie stadium nog 'n jong seun maar hy het nooit daardie oomblik vergeet nie en het van toe af 'n belofte om wraak te neem in sy hart rondgedra! (*Nou vind hy dat hy bo-op die lyk staan. Hy kyk versigtig af.*) Is daar enigiets wat julle vergeet het om my te vertel?

   (*Hulle sien almal die lyk vir die eerste keer raak.*)

4. FELICITY: Die waansinnige het toegeslaan!

5. CYNTHIA: O! – dis aaklig – aaklig –

6. BLOEDHOND: Ja, dis waarvoor ek bang was. Nou sien julle watter tipe man julle besig is om te beskerm.

7. CYNTHIA: Ek kan dit nie glo nie!

8. FELICITY: Ek moet hom vertel, Cynthia – Speurder Bloedhond, 'n vreemdeling wat aan jou beskrywing voldoen het inderdaad in ons midde verskyn – Simon Gascoyne. O, hy was sjarmant, dit gee ek toe, en hy het my heeltemal om die bos gelei. Ek is bevrees dat ek van myself 'n gek oor hom gemaak het, en so ook Cynthia.

9. BLOEDHOND: Waar is hy nou?

10. MAGNUS: Hy moet iewers in die huis wees – hy kan nie onder hierdie weersomstandighede wegkom nie.

11. BLOEDHOND: U is heeltemal reg. Wees nie bevrees nie, Lady Muldoon – ek sal die man wat u wederhelf vermoor het, arresteer.

12. CYNTHIA: My wederhelf? Ek verstaan nie.

13. BLOEDHOND: Alles dui op Gascoyne.

14. CYNTHIA: Maar wie is dít? (*Die lyk.*)

15. BLOEDHOND: U wederhelf.

16. CYNTHIA: Nee, dit is nie.

17. BLOEDHOND: Ja, dit is.

18. CYNTHIA: Ek sê u dit is *nié*.

19. BLOEDHOND: *Ek* is in beheer van hierdie saak!

20. CYNTHIA: Maar dit is nie my man nie!

21. BLOEDHOND: Is u seker?

1. CYNTHIA: Om vadersnaam!

2. BLOEDHOND: Nou wie is dit dan?

3. CYNTHIA: Ek weet nie.

4. BLOEDHOND: Enigiemand?

5. FELICITY: Ek het hom nog nooit gesien nie.

6. MAGNUS: Hy lyk hoegenaamd nie soos enigiemand wat ek al ontmoet het nie.

7. BLOEDHOND: Hierdie saak is besig om in 'n totale fiasko te ontaard.

8. CYNTHIA: Maar wat gaan ons doen?

9. BLOEDHOND: (*gryp die telefoon*): Ek sal die polisie bel.

10. CYNTHIA: Maar u ís die polisie!

11. BLOEDHOND: Dank die Hemel ek is hier – die telefoondrade is gesny!

12. CYNTHIA: Bedoel u – ?

13. BLOEDHOND: Ja! – ons is op ons eie, afgesny van die buitewêreld en in groot gevaar!

14. FELICITY: Bedoel u – ?

15. BLOEDHOND: Ja! – ek dink die moordenaar sal weer toeslaan!

16. MAGNUS: Bedoel u – ?

17. BLOEDHOND: Ja! Een van ons gewone sterflinge, deur die noodlot saamgegooi en afgesny deur die elemente, is die moordenaar! Hy moet gevind word – deursoek die huis!

    (*Almal spat vinnig uitmekaar en hardloop in verskillende rigtings. Die verhoog is vir 'n paar oomblikke leeg. SIMON slenter in.*)

18. SIMON: (*roep terwyl hy instap*): Enigiemand hier? – dis snaaks …

    (*Hy sien die lyk en is baie verbaas. Hy stap nader en draai dit om. Hy staan op en kyk onrustig om hom rond.*)

19. VOGELSTEWEL: Dis waar Simon afgemaai word.

    (*'n Skoot en SIMON val dood neer. SPEURDER BLOEDHOND kom opgehardloop en kniel langs SIMON se lyk. CYNTHIA verskyn by die glasdeure. Sy staan stil en staar.*)

20. CYNTHIA: Wat het gebeur, Speurder Bloedhond!?

21. BLOEDHOND: Hy is dood … Simon Gascoyne, veronderstel ek. Growwe geregtigheid, selfs vir 'n moordenaar – tensy – tensy – Ons het aangeneem dat die lyk nie hier kon gelê het voor Simon Gascoyne die huis betree het nie … maar … (*hy stoot die rusbank bo-oor die lyk.*) daar is jou antwoord. En nou – wie het Simon Gascoyne vermoor? En hoekom?

(*"Gordyn", almal staan stil, applous, almal behalwe die lyk af.*)

1. MAANKYKER: Hoekom nie?

2. VOGELSTEWEL: Presies. Wat 'n verligting.

3. MAANKYKER: Ja, om weg te kom met moord moet redelik maklik wees mits jou motief onpeilbaar genoeg is.

4. VOGELSTEWEL: Wispelturige jong hond. Hy het haar regs en links en in die middel verneuk.

5. MAANKYKER: (*nadenkend*): Natuurlik. Ek sal egter steeds vir Rimpelrant agter *my* hê.

6. VOGELSTEWEL: Sy het iemand nodig wat meer standvastig is, meer volwasse –

7. MAANKYKER: – En as ek kan, kan hy ook –

8. VOGELSTEWEL: Ja, ek weet van 'n skaflike hotel, baie diskreet, wat deur 'n man van die wêreld bestuur word –

9. MAANKYKER: Onrustig rus die kop wat die kroon dra.

10. VOGELSTEWEL: Ontbyt word in die kamer bedien en geen vrae word gevra nie.

11. MAANKYKER: Droom Rimpelrant van my?

12. VOGELSTEWEL: (*pouse*): Hallo – wat het gebeur?

13. MAANKYKER: Wat? O, ja – wat maak jy daarvan, tot dusver.

14. VOGELSTEWEL: (*maak keel skoon*): Dit is op hierdie stadium wat die drama vir my begin lewe kry. Die fondament is wel en deeglik gelê en die outeur het die moeite gedoen om by die meesters van die genre te leer. Hy het 'n realistiese situasie geskep en bitter min sal twyfel dat hy oor die vermoë beskik om dit deur middel van 'n skrikwekkende *denouement* op te los. Dit is definitief wat op hierdie stadium kortkom, maar dit het 'n begin, 'n middel en ek twyfel nie daaraan dat dit uiteindelik ook 'n einde sal hê nie. Laat ons hiervoor dankie sê, en 'n dubbele dankie vir 'n mooi, onskuldige opvoering sonder 'n sweem van smerigheid. Dog sou dit alles moontlik as niks gesien kon word as dit nie was vir 'n vertolking wat ek as 'n hoogtepunt op die terrein van hedendaagse teater beskou nie. In wat moontlik as die puikste Cynthia sedert die oorlog gesien kan word –

15. MAANKYKER: As ons dit van nader ondersoek, en ek dink nadere ondersoek is die kleinste eerbetoon wat hierdie drama verdien, dink ek ons sal vind dat binne die eenvoudige raamwerk van wat op een vlak as 'n herehuisnaweek gesien kan word, en wat 'n bruikbare simbool is dit nie, die dramaturg vir ons – ja, ek sal sover gaan – die menslike toestand weergegee het –

16. VOGELSTEWEL: Meer talent in haar pinkie –

17. MAANKYKER: 'n Onheilspellende oor wat aan 'n Van Gogh kon behoort het –

18. VOGELSTEWEL: – 'n publieke skandaal dat daar tot dusver nagelaat is om haar 'n toekenning by geleentheid van die Koningin se verjaardag te gee –

1. MAANKYKER: Siende dat ons in die gesig gestaar word deur 'n alomteenwoordige skeefheid is dit moeilik, inderdaad uiters moeilik, en daarom sal ek nie eers probeer nie, om jouself te beteuel wanneer dit kom by die oproeping van name soos Kafka, Sartre, Shakespeare, St. Paul, Beckett, Birkett, Pinero, Pirandello, Dante en Dorothy L. Sayers.

2. VOGELSTEWEL: 'n Deksels goeie aandjie uit. Ek was vasgenael.

   (*Die foon begin lui op die leë verhoog. MAANKYKER probeer dit ignoreer.*)

3. MAANKYKER: Nog moeiliker – nog moeiliker indien moontlik – nog moeiliker as dit hoegenaamd moontlik is – dog vind ek dit maklik – Dante en Dorothy L. Sayers. Nog moeiliker –

4. VOGELSTEWEL: Ander wat ook deelgeneem het sluit in – *Maankyker!*

   (*Want MAANKYKER het sy geduld verloor en is besig om op die luiende telefoon af te storm. Hy is duidelik geirriteerd.*)

5. MAANKYKER: (*tel die telefoon op en blaf*): Hal-lo! (*Pouse, hy draai na VOGELSTEWEL, sagweg.*) Dis vir jou. (*Pouse.*)

   (*VOGELSTEWEL staan op. Hy kom versigtig nader. MAANKYKER gee vir hom die foon en gaan terug na sy sitplek. VOGELSTEWEL hou hom dop terwyl hy wegstap. Dan kyk hy rond en glimlag flou en versoenend.*)

6. VOGELSTEWEL: Hallo? (*Ontplof.*) In hemelsnaam, Myrtle! – Ek het jou gesê om my nie by die werk te bel nie! (*Hy is duidelik baie verleë en kyk met onderdrukte woede rond.*) Wat? Gisteraand? Verdomp, vroumens, dit is nie nou die tyd vir – ek verseker jou, Myrtle, daar is absoluut niks aan die gang tussen my en – ek het haar uitgeneem vir ete sodat ek *au fait* kan bly met die wêreld van voetligte en grimeersel – Ja, ek belowe – Ja, ek het – Ja, ek het *gesê* ja – ek *het* – en jy is myne, Myrtle – liefling – ek kan nie – (*Fluister.*) *Ek is nie alleen nie – (Moeilik.*) – Nee, sy is nie! – (*Hy kyk onderlangs rond, lek sy lippe en mompel.*) Nou maar *goed*. Ek is lief vir jou klein pienk oortjies en jy is my eie donserige hasie-kepasie – Nou in hemelsnaam – Totsiens, Myrtle – (*Sit die foon neer.*)

   (*VOGELSTEWEL vee sy voorkop met sy sakdoek af. Hy draai om, 'n tennisbal hop deur die glasdeure op die verhoog gevolg deur FELICITY, soos voorheen in haar tennisklere. Die beligting is soos dit aan die begin was. Alles is soos dit was. Dit is, kan ons maar sê, dieselfde moment as tevore.*)

7. FELICITY: (*roep*): Uit! (*Sy sien vir VOGELSTEWEL raak en is verslae.*) Jy!

8. VOGELSTEWEL: (*senuweeagtig*): Uh, ja … hallo daar.

9. FELICITY: Wat doen jy hier?

10. VOGELSTEWEL: Wel, ek …

11. FELICITY: Eerlikwaar, my liefling, jy is regtig uitsonderlik.

12. VOGELSTEWEL: Ja, wel, hier is ek. (*Hy kyk skaapagtig rond.*)

13. FELICITY: Jy moes desperaat gewees het om my te sien – ek bedoel, ek voel so *gevlei,* maar kon dit nie wag tot ek terug is nie?

1. VOGELSTEWEL: Nee, nee, jy is heeltemal verkeerd –

2. FELICITY: Wat is dit dan?

3. VOGELSTEWEL: En oor gisteraand – miskien het ek jou die verkeerde indruk gegee – het dalk 'n bietjie weggevoer geraak –

4. FELICITY: (*styf*): Wat probeer jy sê?

5. VOGELSTEWEL: Ek wil dit beëindig.

6. FELICITY: Ek sien.

7. VOGELSTEWEL: Ek het geen beloftes gemaak nie – en die feit bly staan, ek moet my goeie naam – mense praat –

8. FELICITY: Jy hoef niks meer te sê nie –

9. VOGELSTEWEL: En dan is daar nog my vrou ook – ek weet nie waar sy daarvan gehoor het nie, maar -

10. FELICITY: Hoe durf jy! Jy dink jy kan hier in-marsjeer en –

11. VOGELSTEWEL: Ek is jammer dat jy op dié manier moes uitvind – ek het dit regtig nie so bedoel nie –

12. FELICITY: Jou lafhartige rokjagter!

13. VOGELSTEWEL: Ek is jammer – maar ek wil hê jy moet weet dat ek die goed wat ek gesê het opreg bedoel – ja – hou groot belofte in – ek sal so sê –

14. FELICITY: Hiervoor sal ek jou nog vermoor, Simon Gascoyne!

(*Sy loop in trane uit, verby MEVROU VERSUF wat betyds ingekom het om haar laaste opmerking te hoor.*)

15. VOGELSTEWEL: (*grootoog*): Goeie Vader …

16. MEV. VERSUF: Ek het gekom om die speeltafel op te stel, meneer.

17. VOGELSTEWEL: (*wild*): Ek kan nie bly om *kaart* te speel nie!

18. MEV. VERSUF: O, Lady Muldoon sal baie terleurgesteld wees.

19. VOGELSTEWEL: Jy bedoel … jy bedoel, sy wil my ontmoet …?

20. MEV. VERSUF: O ja, meneer. Ek het haar sopas vertel en sy is baie opgewonde.

21. VOGELSTEWEL: Werklik? … Ja wel, 'n man van my invloed is nie te versmaai nie – ek glo ek is tot 'n klein mate bekend vir die maak van reputasies – mmm, baie opgewonde, sê jy …

(*MEV. VERSUF begin alles regkry vir die kaartspel, VOGELSTEWEL staan vir 'n oomblik verlate en verbysterd.*)

22. MAANKYKER: (*vanuit sy sitplek*): Vogelstewel! – (*hy fluister gespanne*). Vogelstewel!

(*VOGELSTEWEL kyk vaagweg rond.*) Wat de hel doen jy?

1. VOGELSTEWEL: Niks.

2. MAANKYKER: Hou op om 'n gek van jouself te maak. Kom sit.

3. VOGELSTEWEL: O, ek weet wat jy dink – maar die feit bly staan dat ek eerlikwaar glo haar vertolking is 'n hoogtepunt –

(*MEV. VERSUF gaan af. CYNTHIA kom in, soos tevore.*)

4. CYNTHIA: (*terwyl sy instap*): Liefling!

5. VOGELSTEWEL: A! Goeienaand – mag ek sê dat ek eerlikwaar glo –

6. CYNTHIA: Moet asseblief vir 'n oomblik niks sê nie – hou my net vas. (*Sy val in sy arms in.*)

7. VOGELSTEWEL: Nou maar goed! (*Hulle soen.*) Goeie wêreld – haar mond *is* oop! Dierbare dame, van die eerste oomblik wat ek jou gesien het, het ek gevoel hoe my hele lewe verander -

8. CYNTHIA: (*breek weg.*) Ons kan nie voortgaan om so te ontmoet nie!

9. VOGELSTEWEL: Ek is nie skaam om elke nag my liefde aan jou te verklaar nie! – maar gelukkig sal dit nie nodig wees nie – ek weet van 'n baie goeie hotel, diskreet – bestuur deur 'n man van die wêreld –

10. CYNTHIA: Maar liefling – dit is gekheid!

11. VOGELSTEWEL: Ja! Ek is mal van liefde vir jou!

12. CYNTHIA: Asseblief! – onthou tog waar ons is!

13. VOGELSTEWEL: Ek gee nie om nie! Laat hulle dink wat hulle wil, ek het jou lief!

14. CYNTHIA: Moenie – ek is lief vir Albert!

15. VOGELSTEWEL: Hy is dood! (*Skud haar.*) Verstaan jy my – Albert is dood!

16. CYNTHIA: Nee – ek sal nooit ophou hoop nie! Laat my gaan! Ons is nie vry nie!

17. VOGELSTEWEL: Jy bedoel Myrtle? Sy beteken vir my niks – niks! – sy's die ene kakao en blou wollerige nylon slippers – nie 'n sprankie van kreatiewe genialiteit in haar hele versakte, tot-by-die-knie-gebroekte lyf nie –

18. CYNTHIA: Jy is 'n skobbejak, Simon! Jy sal my gebruik en eenkant toe gooi soos jy al soveel ander eenkant toe gegooi het.

19. VOGELSTEWEL: Nee, Cynthia! – noudat ek jou gevind het –

20. CYNTHIA: Jy is genadeloos – so sterk, so wreed –

(*VOGELSTEWEL gryp haar in 'n omhelsing vas, waartydens MEV. VERSUF inkom en MAANKYKER se koorsagtige stem gehoor word.*)

22. MAANKYKER: Is jy van jou sinne beroof?!

1. CYNTHIA: (*breek weg*): Hou op – kan jy nie sien dat jy besig is om 'n gek van jouself te maak nie!

2. MAANKYKER: Sy's reg.

3. VOGELSTEWEL: (*aan* MAANKYKER): Hou jy jou neus hier uit.

4. CYNTHIA: Ja, wat is dit, Mevrou Versuf?

5. MEV. VERSUF: Moet ek die vensters toemaak, my Lady? Die missluiers –

6. CYNTHIA: Ja, jy beter.

7. MAANKYKER: Kyk, hulle weet waarmee jy besig is –

8. VOGELSTEWEL: Ek sal loop wanneer ek gereed is, baie dankie.

9. MAANKYKER: Nou is dit klaar met jou, ek hoop jy weet dit –

10. VOGELSTEWEL: Ek het nie jou nikswerd handleser voorspellings nodig nie – ek het iets mooier en fyner gevind –

11. MAANKYKER: (*verbysterd, aan homself*): As dit maar Knibbelaar was …

12. CYNTHIA: En gaan vra asseblief die Majoor om by ons aan te sluit.

13. MEV. VERSUF: (*terwyl sy uitstap*): Ek dink ek hoor hom nou by die trappe afkom.

    (*Soos voorheen, die klank van 'n rolstoel wat besig is om by die trappe af te jaag. VOGELSTEWEL bly versigtig uit die rolstoel se vorige pad maar dit arriveer van elders en stamp hom dat hy vlieg. 'n Gesnater van ontsteltenis en protestasie.*)

14. CYNTHIA: Simon – sê tog iets!

15. VOGELSTEWEL: (*terwyl hy regop sit)*: Die roekelose padvark!

16. CYNTHIA: Dankie tog! -

17. MAGNUS: Wat soek hy hier?

18. CYNTHIA: Hy het eenvoudig gearriveer.

19. MAGNUS: Regtig? En hoe hou jy daarvan hier?

20. VOGELSTEWEL: Ek sal dit nie aand ná aand kan vat nie.

21. FELICITY: (*stap op*): So – jy's nog steeds hier.

22. CYNTHIA: Natuurlik is hy nog hier. Ons gaan kaart speel. Dit is onnodig om die twee van julle aan mekaar voor te stel, nie waar nie, want ek onthou nou dat jy, Simon, my deur Felicity, ons gemeenskaplike vriendin, ontmoet het.

23. FELICITY: Ja, Simon is 'n ou vriend -

24. VOGELSTEWEL: A! – ja – wel, ek hou daarvan om jong vooruitstrewendes die voordeel van my –

Eh – haar tegniek het natuurlik nog werk nodig -

1. FELICITY: Gisteraand.

2. VOGELSTEWEL: Ek praat nie van gisteraand nie!

3. CYNTHIA: Inderdaad? Wel, jy kan die kaarte uitdeel, Felicity. Simon, help my asseblief met die rusbank.

4. VOGELSTEWEL: (*aan MAANKYKER*): Het jy dit gesien? Het probeer om my te vermoor. Ek het jou gesê dis Magnus – nie dat dit Magnus *is* nie.

5. MAANKYKER: Wat dit gedoen het nie, bedoel jy?

6. VOGELSTEWEL: Wat?

7. MAANKYKER: Jy dink dis nie Magnus wat dit gedoen het nie?

8. VOGELSTEWEL: Ruk jouself reg, Maankyker – die feite staar jou in die gesig. Hy is agter Cynthia aan, om mee te begin.

9. MAGNUS: Dis Gascoyne, is dit nie?

10. VOGELSTEWEL: Oor my dooie liggaam!

11. MAGNUS: As hy tussen ons kom …

12. MAANKYKER: (*kwaad*): Om vadersnaam, kom sit!

13. CYNTHIA: Simon!

14. VOGELSTEWEL: Sy het my nodig, Maankyker. Ek moet 'n vierde opmaak.

    (*CYNTHIA en VOGELSTEWEL skuif die rusbank soos voorheen en almal sit by die tafel.*)

15. CYNTHIA: Goed! Wie wil begin?

16. MAGNUS: Ek. *(Terwyl hy die kaarte rondskuif.)* Ek skaduwee vir 'n geen bod troef en doebleer my houvas op Suid se vrou.

17. CYNTHIA: Het ek jou hoor sê dat jy gisteraand vir Felicity gesien het, Simon?

18. VOGELSTEWEL: Uuh – uuh –

19. FELICITY: Betaal een-en-twintig of troef my kontrak. (*Gooi uit.*) Cynthia se beurt.

20. CYNTHIA: Ek sal jou kontrak troef met vyf geen troewe in die oophand (*gooi weg*) en ek skuif Wes se toring vir die herbod met 'n bankier-troef op sy tweede pakkie daar. (*Gooi weg.*) Simon?

21. VOGELSTEWEL: Sal jy omgee om dit weer te doen?

22. CYNTHIA: Ek sal in jou oophand troef met vyf geen troewe daar, (*gooi weg*) en ek

ondersteun jou tweede bod met ‘n bankier vir die enkele troef in die oophandpakkie daar. (*Gooi weg.)*

1. VOGELSTEWEL: (*staan op en gooi sy kaarte op die tafel neer*): En ek hou jou aan jou woord!

2. CYNTHIA: Wel gedaan, Simon!

(*MAGNUS betaal vir VOGELSTEWEL terwyl CYNTHIA uitdeel.*)

3. FELICITY: Interessant hoe Simon eenvoudig van nêrens af in die buurt opgeduik het. Eintlik weet ons niks van hom af nie.

4. CYNTHIA: Reg, Simon, dit is jou inset op die kleinkleurbod. Hmmm. Laat ons sien. Ek dink ek sal jou skop-afspraak teenroep met twee geen troef en die heer se gambiet wat daar aangebied word – (*gooi weg*) en Wes se oophand doebleer na die vrou se loper vier daar!

5. MAGNUS: (*terwyl hy kaartspeel*): Plaas jou bod. Ek het niks nie. Rooi en swart. Zero.

6. CYNTHIA: Simon?

7. VOGELSTEWEL: (*triomfantlik – spring op*): En ek hou jou aan jou woord!

8. CYNTHIA: (*onverstoorbaar*): Ek versmelt.

9. FELICITY: Ek blaas.

10. MAGNUS: Ek troef.

11. VOGELSTEWEL: Ek bluf.

12. CYNTHIA: Kriskras.

13. FELICITY: Misluk.

14. MAGNUS: Skaak.

15. VOGELSTEWEL: *Snap*.

16. CYNTHIA: Hoe’s daai?

17. FELICITY: Nie uit nie.

18. MAGNUS: Dubbeltop.

19. VOGELSTEWEL: Bingo!

20. CYNTHIA: Nee! Simon – jy is vanaand baie gelukkig!

21. FELICITY: Ons sal sien – die aand is nog nie verby nie, Simon Gascoyne! (*Stap vinnig af.*)

22. VOGELSTEWEL: Aandagafleier – kan dit ‘n myl ver sien. (*Aan MAGNUS*) O ja, sy is so wit soos ‘n lelie, ek het dit al ‘n duisend keer gesien. En ek het jou ook al voorheen gesien, nie waar nie? Vreemd – daar is iets omtrent jou –

1. MAGNUS: Wil jy dalk vir 'n rit in die roostuin gaan, Cynthia?

2. CYNTHIA: Nee, Magnus, ek moet met Simon praat.

3. VOGELSTEWEL: Jy gaan niks daar regkry nie, jy weet.

4. MAGNUS: Jy dink so?

5. VOGELSTEWEL: O ja, sy weet aan watter kant haar brood gebotter is. Ek is 'n man met 'n sekere mate van invloed by dié wat die kalklig probeer inoes – sy gaan my nie laat staan vir 'n swaar-vermomde gebreklike nie.

6. MAGNUS: Daar is 'n ou Kanadese spreekwoord -

7. VOGELSTEWEL: Moet dit nie met my probeer nie – ek sien al van die begin af regdeur jou – O ja, julle ouens is nie so slim as wat julle dink nie … Een of ander tyd gaan jy 'n fout maak … Tussen hakies, waar het ek jou al gesien? … Ek het definitief –

8. MAGNUS: (*gaan af*): Wel, ek dink ek gaan my geweer olie.

9. VOGELSTEWEL: Dubbele ontmaskering! – (*aan CYNTHIA*) Ek het dit al 'n duisend keer gesien.

10. CYNTHIA: Ek dink Magnus vermoed iets. En Felicity … Simon, was daar iets tussen jou en Felicity?

11. VOGELSTEWEL: Nee, nee – dis nou alles verby. Ek het haar maar net 'n bietjie gevlei oor 'n drankie, haar vertel sy sal ver gaan, daardie soort van ding. Liewe hemel, die ophef wat daar gemaak word oor 'n onskuldige klein flirtasietjie -

12. CYNTHIA: (*terwyl MEV. VERSUF agter haar* inkom): As ek uitvind dat jy ontrou aan my was – as ek uitvind dat jy my valslik van my dierbare man, Albert, weggelok het – ek sal jou vermoor, Simon Gascoyne!

    (*Einde van die bedryf – soos voorheen. CYNTHIA en MEV. VERSUF gaan af. VOGELSTEWEL begin agterna stap.*)

13. MAANKYKER: *Vogelstewel! (VOGELSTEWEL staan stil.*) Om vadersnaam, ruk jouself reg.

14. VOGELSTEWEL: Ek kan dit nie help nie.

15. MAANKYKER: Wat dink jy doen jy? Jy is besig om in 'n totale klug te verander!

16. VOGELSTEWEL: Ek weet, ek weet – maar ek kan nie sonder haar lewe nie. (*Hy loop op verdwaalde en neurotiese wyse op die verhoog rond.*) Ek sal natuurlik uit my werk bedank. Ek gee nie om dat dit klaar is met my nie. Ek sê jou nou - (*Hy het by die lyk uitgekom. Hy kyk verbaas daarna, aarsel, buk af en draai dit om.*)

17. MAANKYKER: Vogelstewel, dink aan jou familie, jou vriende – jou hoë aansien in die letterkundige wêreld – hei, wat maak jy nou? (*VOGELSTEWEL staar na die lyk se gesig.*) Vogelstewel … los hom uit. Kom sit – wat gaan met jou aan?

18. VOGELSTEWEL: *(dooie stem*): Dis Knibbelaar.

19. MAANKYKER: Wat?

1. VOGELSTEWEL: Dis Knibbelaar.

(*Pouse.*)

1. MAANKYKER: Moenie simpel wees nie.

2. VOGELSTEWEL: Ek sê jou nou, dis Knibbelaar.

(*MAANKYKER staan halfpad op. Verwilderd.*)

Ek verstaan nie … hy is dood.

3. MAANKYKER: Dood?

4. VOGELSTEWEL: Wie sal hom wil …?

5. MAANKYKER: Hy moet nog die hele tyd daar lê …

6. VOGELSTEWEL: … doodmaak?

7. MAANKYKER: Maar wat maak hy daar? Ek moes vanaand instaan …

8. VOGELSTEWEL: (*draai om*): Maankyker …?

9. MAANKYKER: (*verwonderd, sag*): So nou is dit net ek en Rimpelrant.

10. VOGELSTEWEL: *Maankyker …?*

11. MAANKYKER: (*stamelend*): Maar ek belowe ek …

12. VOGELSTEWEL: Ek het dit –

13. MAANKYKER: Maar ek het nie –

14. VOGELSTEWEL: (*stilweg*): Liewe Vader … so dis wat dit was … Maankyker – nou sien ek –

15. MAANKYKER: - Ek belowe ek het nie –

16. VOGELSTEWEL: Nou – uiteindelik – verstaan ek alles –

(*Daar is 'n skoot en VOGELSTEWEL val dood neer.*)

17. MAANKYKER: Vogelstewel! (*Hy hardloop na VOGELSTEWEL se lyk op die verhoog.*)

(*CYNTHIA verskyn by die glasdeure. Sy staan stil en staar. Alles soos tevore.*)

18. CYNTHIA: O, Vadertjie tog – wat het gebeur, Speurder Bloedhond?

19. MAANKYKER: (*amper aan homself*): Hy is dood … (*Hy staan op.*) Dis 'n bietjie rof, is dit nie? – 'n Bietjie verregaande! – Hy het moontlik sy foute gehad – ek erken hy was 'n wispelturige ou … Wie het dit gedoen, en hoekom?

(*MAANKYKER draai en kyk na haar. Dan loop hy vinnig na sy sitplek. Voor hy daar kan kom word hy deur die klank van stemme gekeer. SIMON en SPEURDER BLOEDHOND sit in die kritici se stoele. MAANKYKER gaan staan botstil.*)

1. SIMON: Om te sê dit is sonder tempo, 'n punt, fokus, belangwekkendheid, drama, humor of oorspronklikheid is om eenvoudig te sê dat dit nie in my smaak val nie. Mens moet alleenlik hierdie voddesak vergelyk met die meesters van die genre om te sien dat ons hier met 'n nietigheidjie sit wat hoegenaamd nie in my smaak val nie.

2. BLOEDHOND: Ek is jammer om so reguit te moet wees, maar mens kan dit nie ontken nie. Dit is sonder tempo. 'n Voddesak – geheel en al.

3. SIMON: Ek sal selfs verder gaan. Dié van julle wat gelukkig genoeg was om verlede Woensdagaand by die *Comedie Francaise* te wees hoef nie daaraan herinner te word dat *éclat* nie deur histerie vervang kan word nie.

4. BLOEDHOND: Daar is 'n totale gebrek aan *élan*.

5. SIMON: Dit blyk dat van die akteurs nie eers meer toneelspeel nie, skynbaar ontsteld, met goeie rede, om hulself betrokke te vind by 'n aand wat kan, en inderdaad sal, veroorsaak dat die engele ween.

6. BLOEDHOND: Ek is nie preuts nie maar ek sien geen rede vir die stortvloed van smerigheid en seksuele sinspeling wat onder die dekmantel van moderniteit ten alle koste op 'n niksvermoedende publiek afgedwing word nie.

   (*Agter MAANKYKER het FELICITY, MAGNUS en MEV. VERSUF hul verskyning gemaak sodat hy omdraai en deur hul halfsirkel in die gesig gestaar word.*)

7. MAGNUS: (*wys na VOGELSTEWEL se lyk*): Wel, Speurder Bloedhond, is dit jou man?

8. MAANKYKER: (*lugtig*): … Ja … Ja …

9. CYNTHIA: Dis Simon …

10. MAANKYKER: Ja … ja … arme … (*Kwaad.*) Is dit veronderstel om 'n grap te wees?

11. MAGNUS: As dit is, is dit in baie swak smaak.

    (*MAANKYKER ruk himself reg en begin skielik beweeg, 'n bietjie wild in sy verdriet oor VOGELSTEWEL.*)

12. MAANKYKER: Nou maar goed! Ek gaan uitvind wie dit gedoen het! Ek wil hê elkeen van julle moet teruggaan na waar julle was toe die skoot afgevuur is – (*Hulle beweeg; histeries.*) Niemand sal die huis verlaat nie! (*Hulle beweeg terug.*)

13. MAGNUS: Ek glo ons het almal die geleentheid gehad om die skoot af te vuur, Speurder Bloedhond.

14. MAANKYKER: (*woedend*): Ek is nie –

15. MAGNUS: - maar watter een sou dit wou doen?

16. MAANKYKER: Dalk jy, Majoor Magnus!

17. MAGNUS: Hoekom sou ek hom wou doodmaak?

18. MAANKYKER: Omdat hy jou geheim uitgevind het – ja, hy het van die begin af iets vermoed –

en jy het hom geskiet net toe hy van plan was om openbaar te maak dat jy – (*MAANKYKER wys na KNIBBELAAR se lyk, staan 'n oomblik stil en loop dan tot by hom. Aarselend)* – hierdie … kêrel … vermoor het.

1. MAGNUS: Maar watter motief kan daar moontlik vir sy moord wees? (*Pouse.*) Wie *is* hierdie kêrel? (*Pouse.*) Speurder Bloedhond?

2. MAANKYKER: (*staan op*): Ek weet nie. Hy lyk hoegenaamd nie soos enigiemand wat ek al ontmoet het nie. (*Lang pouse.*) Wel, wel …

3. MEV. VERSUF: Speurder Bloedhond?

4. MAANKYKER: (*gretig*): Ja? Ja, wat is dit, liewe dame?

5. MEV. VERSUF: Toe ek vroeër vandag hierdie kamer binnegekom het om die vensters toe te maak, het ek per ongeluk 'n opmerking gehoor wat deur die oorledene, Simon Gascoyne, teenoor haar ladyskap gemaak is, te wete – "Ek sal enigeen wat tussen ons kom doodmaak."

6. MAANKYKER: A! – ja – wel, dit moet dan die geval wees. Hierdie … kêrel … (*wys na KNIBBELAAR*) uh … is duidelik vermoor deur (*pouse*) Simon.

7. CYNTHIA: Maar hy het nie tussen ons gekom nie!

8. MAGNUS: Wie het dan vir Simon doodgemaak?

9. MEV. VERSUF: Vervolgens die opmerking wat ek alreeds gerapporteer het, het dit ook so gebeur dat ek binne hoorafstand was toe Lady Muldoon aan die oorledene gesê het, " … ek sal jou vermoor, Simon Gascoyne!" Ek hoop u gee nie om dat ek dit noem nie.

10. MAANKYKER: Hoegenaamd nie. Ek is bly u het. Dit is deur middel van sulke toevallige opmerkings soos dié wat ons in die Mag 'n volledige prentjie opbou voordat ons voortgaan om 'n arrestasie te maak. Ek glo dat dit nou nie meer lank sal wees nie en ek waarsku u, Lady Muldoon, dat enigiets wat u sê –

11. CYNTHIA: Ja! – Ek het Simon Gascoyne gehaat omdat hy my in sy mag gehad het! – Maar ek het hom nie vermoor nie!

12. MEV. VERSUF: Heel eerste, Speurder Bloedhond, het ek egter per toeval gehoor hoe Mej. Cunningham 'n opmerking maak wat sonder twyfel in 'n oomblik van woede geuiter is - maar dit het in my geheue bly vassteek, soos dié soort van ding nou maar eenmaal doen - te wete, "Hiervoor sal ek jou nog vermoor, Simon Gascoyne!"

13. MAANKYKER: A! Die laaste stukkie van die legkaart! Ek glo ek is nou in 'n posisie om die geheim bloot te lê. Hierdie man (*die lyk*) was natuurlik McCoy, die Kanadees wie, soos ons reeds gehoor het, vir Gascoyne op straat raakgeloop en hom teen die oor geklap het met die uitroep, "Hier's vir jou 'n wrok om te koester, jou werksku klein snuffelaar!", toe hy baie jare gelede gevra is vir 'n sikspens om 'n toffie-appel mee te koop. Gascoyne het sy kans afgewag en het McCoy uiteindelik in hierdie huis opgespoor nadat hy 'n onskuldige, ambisieuse, plattelandse meisie in die omgewing ontmoet het. Hy was sjarmant, oorredend – het haar sonder twyfel vertel dat sy reguit op pad is boontoe – en sy, gevlei deur sy

wêreldwysheid en oorgehaal deur sy belofte om haar die aand reg te sien, het aan sy lummelagtige begeertes toegegee. Dalk het sy hom liefgehad. Ons sal nooit weet nie. Maar net toe sy haar beloofde oorwinningsvreugde wil vier, val sy oog op iemand anders – ja, ek verwys na Lady Cynthia Muldoon. Vanaf die oomblik wat hy haar raakgesien het was daar vir hom geen ander vrou nie – hy was betower, bereid om alles op te offer. Selfs vir jou, Felicity Cunningham. Jy het eers vandag – nadat jy hom onverwags hier raakgeloop het – die waarheid uitgevind. 'n Bitter argument het gevolg en is toe beëindig met jou dreigement om hom te vermoor – 'n dreigement wat jy uitgevoer het die oomblik toe die geleentheid hom voordoen! Ek moet jou dus waarsku dat enigiets wat jy sê –

1. FELICITY: Maar dit maak geen sin nie!

2. MAANKYKER: Nie met die eerste oogopslag nie, *miskien*.

3. MAGNUS: Kon Simon nie deur dieselfde persoon wat McCoy vermoor het, geskiet gewees het nie?

4. FELICITY: Maar waarom sou enigeen van ons 'n totale vreemdeling wou vermoor?

5. MAGNUS: Dalk was hy vir *een* van ons nie 'n vreemdeling nie.

6. MAANKYKER: (*weifelend*): Maar was Simon nie die waansinnige nie?

7. MAGNUS: Ons het net jou woord daarvoor, Speurder Bloedhond. Ons het net jou woord vir baie dinge. Byvoorbeeld – McCoy. Wie is hy? Is sy naam werklik McCoy? Steek daar enige waarheid in daardie denkbeeldige en ongeloofwaardige storie van die belediging op 'n straat in Kanada? Of is daar moontlik iets anders, iets wat aan geeneen van ons bekend is nie, agter die hele ding? Aanvaar vir 'n oomblik dat die waansinnige, nadat hy hierdie onbekende vreemdeling om private en ondeursigtige redes van sy eie om die lewe gebring het, gesteur is voor hy van die lyk ontslae kon raak. Hy knip die telefoondrade en besluit om terug te keer na die moordtoneel, vermom as Speurder Bloedhond!

8. MAANKYKER: Maar … ek is nie mal nie … ek is amper heeltemal seker ek is nie mal nie …

9. MAGNUS: … En dan ontdek jy dat daar in hierdie huis 'n man is, Simon Gascoyne, wat die lyk erken het as 'n man teen wie jy 'n diepgewortelde wrok dra - !

10. MAANKYKER: Maar ek het hom nie doodgemaak nie – ek is amper seker ek –

11. MAGNUS: Antwoord my! - is jy die regte Speurder Bloedhond?

12. MAANKYKER: Jy weet donners goed ek is nie! Waaroor gaan dit alles!

13. MAGNUS: Dis wat ek gedink het.

14. MAANKYKER: Ek het maar net gedroom … soms het ek gedroom –

15. CYNTHIA: So! Dit was jy!

16. MEV. VERSUF: Die kranksinnige!

17. FELICITY: Die moordenaar!

1. CYNTHIA: O, dis aaklig, aaklig.

2. MEV. VERSUF: Die vreemdeling in ons midde!

3. MAGNUS: Ja, ons het 'n nare voorgevoel gehad dat hy hier sou opdaag – en hy het reguit in die lokval ingestap.

4. MAANKYKER: Watter lokval?

5. MAGNUS: Ek is nie die regte Magnus Muldoon nie! – Dit was bloot 'n slenterslag! – en (*staan op en verwyder sy snor*) ek onthul nou my ware identiteit –

6. CYNTHIA: Jy bedoel - ?

7. MAGNUS: Ja! – ék is die regte Speurder Bloedhond!

8. MAANKYKER: *Rimpelrant!*

9. MAGNUS: (*met pistool*): Bly staan of ek skiet!

10. MAANKYKER: (*loop agteruit*): Rimpelrant! Jy het vir Knibbelaar doodgemaak – en Vogelstewel het probeer om my te waarsku –

11. MAGNUS: Staan stil, in die naam van die gereg! (*MAANKYKER draai om en begin hardloop. MAGNUS skiet. MAANKYKER val op sy knieë neer.*) Ek wag al 'n baie lang tyd vir hierdie oomblik.

12. CYNTHIA: Jy bedoel - ?

13. MAGNUS: Ja! – Al tien baie lang jare, maar erken jy my nie?

14. CYNTHIA: Jy bedoel - ?

15. MAGNUS: Ja! – dit is ek, Albert! – wat sy geheue verloor, by die polisie aangesluit en uiteindelik op meriete tot die rang van Speurder gevorder het, sy verlede vergete – tot die noodlot hom teruggebring het na die huis wat hy moes agterlaat, terug na die pragtige vrou wat hy as 'n jong bruid hierheen gebring het – lang storie kort, my liefling, my geheue is terug en jou lang wag is verby!

16. CYNTHIA: O, Albert! (*Hulle omhels mekaar.*)

17. MAANKYKER: (*'n sweem van bewondering*): Rimpelrant … jou skelm skarminkel. (*Hy sterf.)*

DIE EINDE

THE REAL INSPECTOR HOUND © Tom Stoppard 1968